# Behou Jou Geloof






**2020-05-24**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# INLEIDING

- Voel jy miskien vandag moedeloos?
- Dalk dat jy nie meer kan aangaan nie.
- Jy het moontlik genesing nodig...
- Die aanslae van die vyand voel dalk te veel.
- Vandag wil ek jou motiveer om jou geloof in God te behou.
- Gryp vas aan jou geloof in die Here.

# Skrifgedeeltes

- Mar 11:22
- 1 Pet 1:6-7
- Mar 4:39-40
- Luk 17:19
- Ef 6:16
- Rom 10:17
- *Joh 11:26*
- *Luk 22:32*

Heb 11:1



# GLO IN GOD

- Jy moet in God bly glo.
- Moet nie ophou nie.

- Gaan kyk weer bietjie na ons kerk se Geloofsbelydenis.

THE APOSTOLIC FAITH MISSION OF SA

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SA

**DIE AGS SE GELOOFSBELYDENIS**

- ONS GLO in die ewige, drie-enige God, Almagtige Skepper, Onderhouer en Regeerder van die ganse skepping.
- ONS GLO in God die Vader, die outeur van die skepping en verlossing.
- ONS GLO in Jesus Christus, die enigste Seun van God die Vader, ware God wat ter wille van die mensdom en sy verlossing van die hemel neergedaal en vlees geword het; wat verwek is deur die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria; wat op die aarde geleef het en gekruisig is, gesterwe het en begrawe was, wat uit die dood opgestaan en opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit.
- ONS GLO in die Heilige Gees, ware God wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en in die hele waarheid lei.
- ONS GLO dat die Bybel die woord van God is, geskryf deur mense onder die inspirasie van die Heilige Gees; dat dit gesaghebbend die wil van God verkondig en ons alles leer wat vir saligheid nodig is.
- ONS GLO dat alle mense na die beeld van God geskape is; as gevolg van hul sondige opstand is hierdie beeld geskend, dat alle mense voor God gesondig het en dit die wil van God is dat alle mense saligheid sal ontvang deur geloof in Jesus Christus.
- ONS GLO in die doping in die Heilige Gees, met die aanvanklike teken van spreke in tale soos aan alle gelowiges belowe is. Ons glo in die werking van die gawes en vrug van die Gees in die lewe van ‘n Christen. Ons glo dat ‘n Christen ‘n dissipel van Jesus Christus behoort te wees en wat ‘n toegewyde en heilige lewe lei.
- ONS GLO dat Jesus Christus die Hoof van die Kerk is wat deur die Heilige Gees saamgevoeg is en wat bestaan uit alle wedergebore gelowiges. Die Kerk is verantwoordelik vir die verkondiging en demonstrasie van die evangelie en God se wil vir alle mense. As charismatiese gemeenskap verkeer hulle onderling en stig mekaar.
- ONS GLO dat die doop van die gelowige deur onderdompeling en die Nagmaal instellings van Jesus Christus is en deur die Kerk onderhou moet word.
- ONS GLO dat op die God-bestemde tyd Jesus Christus Sy Kerk kom wegneem.
- ONS GLO in die oordeelsdag wanneer Jesus Christus die lewende en die dode sal oordeel. Ons glo in die opstanding van die liggaam en ‘n ewige lewe vir die regverdige en ewige straf vir die goddelose. Ons glo in ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde waar God in heerlikheid sal regeer.

# GLO IN GOD

- Wat glo ons?
- Wat glo jy?

Mar 11:22 Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.



# GOD TOETS GELOOF

1Pe 1:6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—’n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,

1Pe 1:7 sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;

So be truly glad! There is wonderful joy ahead, even though the going is rough for a while down here. These trials are only to test your faith, to see whether or not it is strong and pure. It is being tested as fire tests gold and purifies it – and your faith is far more precious to God than mere gold. (Living Bible)

- Ons geloof gaan getoets word hier op aarde.
- Wees eerder bly en opgewonde.
- Jou geloof is baie kosbaar vir God.
- Hy wil kyk of jou geloof eg is...
- Gebruik jou geloof om lof en eer aan Jesus te bring.

# VREES

- As jy bang is en vrees – Glo in God!
- Is jy nou in ‘n krisis?

*Mar 4:39  En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het ‘n groot stilte gekom.*

*Mar 4:40  Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?*

- Jesus vra ook vir jou die vraag:

“Het jy dan geen geloof nie?”

# GELOOF KAN GENESING BRING

- Jesus genees die 10 melaatses.


Luk 17:19  En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered.

Jesus said to him, “Get up and go (on your way). Your faith (your personal trust in Me and your confidence in God’s power) has restored you to health.” (Amplified Bible)

# GELOOF IS ‘N WAPEN

- Ef 6:12  Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

- Ef 6:16  Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.




- Jy kan die duiwel weerstaan.

  (Mat 15:28)

# HOE KRY EK MEER GELOOF?

- Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.



Verkondiging van die goeie nuus van Jesus Christus



Hoor die goeie nuus van Jesus Christus



# BLY GLO IN JESUS

- Glo jy nog in Jesus?
- Hy is die die Seun van God
- As jy in Hom glo sal jy lewe

**Joh 14:6** Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

*Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;*

*Joh 11:26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?*

*Joh 11:27 Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.*

# GEBED VIR GELOOF

- Jesus bid vir ons dat ons geloof en ons vertroue in God nie sal ophou nie.
- Bid ook vir jouself dat jou geloof sal staande bly.
- Bid ook vir mekaar en vir ander.

*Luk 22:32  Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.*

# Afsluiting

- Glo jy nog God is getrou al kan jy dit dalk nie nou sien en verstaan nie?
- Glo jy nog God is in beheer en dat Hy kragtig is?
- Moet nie op gevoelens gaan nie.
- Glo in die Woord van God.
- Hou aan hoop en vertrou.

Heb 11:1  Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

1Kor 16:13  Waak, staan in die geloof,

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453